NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 17 – Uitgawe 14
2 Mei 2024

## *Want julle staan in diens van die Here Christus...*

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Ons sing in die kar: *'n Hardwerkende man, wat sy Here ken, by sy beginsels staan. Dis 'n ware man, 'n hardwerkende man* (Appel, *Hardwerkende Man*), en ons sing in die kerk: *Die werk behoort aan U, ons Heer – die werk waarin ons staan. Gee daarom, Heer, dat hierdie werk nooit sal ten gronde gaan* (Gesang 527: 1).**

Die werk wat ons doen, is gedurig in ons gedagtes, en Werkersdag wat ons as land hierdie week herdenk, gee aan ons die geleentheid om weer daaroor na te dink as gelowiges.

Werkersdag soos ons dit vandag ken, het sy oorsprong in die laat 1880's in die VSA en het mettertyd ook posgevat in Europa waar die tradisionele heidense feesdag van 1 Mei nuwe inhoud gegee is deur die fokus op die vakbondbeweging en die regte van werkers. In ons eie land het hierdie vakansiedag 'n jaarlikse instelling geword na 1994, met 'n fokus op die regte van werkers, asook die rol wat die vakbondbeweging in Suid-Afrika gespeel het in die stryd teen apartheid. Die dag het wêreldwyd 'n onmiskenbare sterk politieke kleur in sy oorsprong asook die amptelike regverdiging vir sy voortbestaan as vakansiedag. Of almal, werkers ingesluit, wat hierdie vakansiedag geniet, enige oomblik gebruik om na te dink oor die motivering waarom die dag geskep is en steeds gevier word, is egter te betwyfel.

As gelowiges vorm ons werk deel van die erediens van die lewe wat ons elke dag kan vier. Die werk wat ek en jy elke dag doen, of ons daarvoor betaal word of nie, hoef nie deur regte beskerm te word nie. Dit behoort ook nie gebruik te word as politieke speelbal nie, maar kan en behoort dalk veel belangriker 'n geloofsdaad te wees, kinders van God wat besig is in die teenwoordigheid van hul Here.

Die brief aan die Kolossense wys vir ons in hoofstuk 3: 22-24 wat die gesindheid van gelowiges teenoor ons werk moet wees, wanneer daar gepraat word met gelowige slawe wat saam met hul eienaars deel is van die gemeente. Die bestaande sosiale orde waarin die slawe en eienaars gestaan het, het meegebring dat die slawe vroeër hul werk gedoen het onder dwang en selfs met weersin, maar nou as gelowiges behoort die slawe se siening van hul werk, selfs hul werk as slawe, anders te wees: ***Slawe, julle moet julle aardse eienaars in alle opsigte gehoorsaam – nie met oëdiens asof julle mense wil behaag nie, maar met 'n opregte hart, uit ontsag vir die Here. Wat julle ook al doen, werk met geesdrif, soos vir die Here, en nie soos vir mense nie, in die wete dat julle 'n erfdeel as beloning van die Here sal ontvang; want julle staan in diens van die Here Christus*** (AFR2020).

Want julle staan in diens van die Here Christus – hierdie perspektief op die werk wat ons elke dag moet doen, gee aan ons as gelowiges die geleentheid om van ons werk 'n geloofsdaad, 'n daad van dankbaarheid, en selfs ook 'n daad van vreugde te maak! Terwyl ons begrip en geduld kan toon vir ander in ons land wat steeds hul werk sien as 'n politieke instrument, weet kinders van God dat wat ons ook al doen – ons dit doen vir die Here!

**Ds Ivan Katzke, Bloemfontein**

